Prospektus

2012

1. U BONDGENOOT MET VISIE WAT RUIMTE SKEP VIR U GESIN SE UNIEKE OPVOEDINGSTYL

Impak wil u bondgenoot wees wat…

- gehoorsaam aan die Bybel leef;
- luister en omgee;
- 'n eenstop-onderwys- en opvoedingsdiens voorsien;
- doeltreffend, aanpasbaar en koste-effektief is;
- wettige en gesogte akademiese en beroepsgerigte kwalifikasies aanbied;
- 'n kultuur van selfwerksaamheid en besigheidsvernuf by leerlinge kweek;
- integriteit, deug, selfrespek en respek vir die eie en vir ander, sal inskerp;
- oplossings vir sosialisering, sport en kultuur bied; en
- leerlinge voorberei om internasionaal kompeterend te wees.

Visie

Impak wil ouers ondersteun in hul taak om hulle kinders te begelei na volwassenheid, toegerus om, tot eer van God, rentmeesterskap van hul roeping te neem en diensbare leiers te wees vir hul volk, medemens en land Suid-Afrika.

Missie

Om die ontwikkeling en ontwaking van die kind se totale menswees tot gebalanseerde en afgeronde jong volwassenes te fasiliteer met behulp van ons unieke onderwys-en opvoedingsplan, ons produkte en dienste.

Kies die PLAN wat u gesin se opvoedingstyl en -waardes pas

Impak bedien kliënte met wyd uiteenlopende standpunte. Impak se kliënte wissel van uiters vry-denkend tot uiters behoudend. Dit is belangrik dat Impak elke kliënt se beginsels en waardes respekteer en daarvoor ruimte skep.

Impak bied die opsie van twee planne aan om hierdie diversiteit te akkommodeer. Gesinne kan kies tussen die Impak Progressiewe Plan en die Impak Identiteitsplan.

Die **Impak Progressiewe Plan** is ontwerp, onderhewig aan Impak se visie, om diegene te huisves wat hulself as vrydenkend t.o.v. opvoedingswaardes en -norme bestempel. Die plan is ook nommerpas vir gesinne wat hulself beskryf as Afrikaanses, deel van die groot Suid-Afrikaanse nasie.

Die **Impak Identiteitsplan** is ontwerp, onderhewig aan Impak se visie, om diegene te huisves wat hulself definieer as behoudend en konserwatief ten opsigte van opvoedingswaardes en -norme. Die plan is ook nommerpas vir gesinne wat as Bybelgelowiges die uitleef van volkskap, taal, kultuur en geskiedenis as 'n sleutelaspek van opvoeding beskou.

2. BEPROEFDE ONDERWYSMODEL

Impak het 'n onderwysmodel ontwikkel wat geskik is vir gebruik in tuisskole, hulpsentrums, mikroskole, privaatskole en openbare skole.

Onderwys in fases verdeel

Impak se onderwysmodel onderskei tussen die volgende **twee** fases:

Basiese Onderwys- en Opvoedingfase
Graad 0-9

Elke kind moet op een of ander wyse vanaf Graad 0 tot Graad 9 vorder. Hierdie fase lê die onderwys- en opleidingsbasis by elke kind vas. Kinders leer in hierdie fase om met vaardigheid te lees, skryf en reken. Dit is ook in dié fase dat die kind hom/haarself as deel van 'n groter gemeenskap en leefwêreld ontdek.

Ouers het in hierdie fase die vryheid om tussen 'n formele, gestruktureerde onderwysbenadering of 'n informele, minder gestruktureerde onderwysbenadering (unschooling) te kies. Indien u die formele en gestruktureerde benadering kies, kan u Impak se **Standaardpakket-Opsie** daarvoor benut. Indien u die informele of unschoolingbenadering kies, is Impak se **Eie-keuse-Opsie** die antwoord.

Verdere Onderwys en Opleidingsfase (VOO)
Graad 10 tot 12 of NKR 2 tot 4

Graad 10 tot Graad 12 staan as die Verdere Onderwys en Opvoedingsfase (VOO) bekend. Hierdie fase word in Graad 12 afgesluit met óf 'n Nasionale Senior Sertifikaat (Matriek) óf 'n Nasionale Diploma in 'n spesifieke ambagsrigting.

Hierdie fase rond die jong volwassene af om die volwasse lewe te betree. 'n Sterk formele en gestruktureerde onderwysbenadering word gevolg.

By aanvang van dié fase kies die leerlinge hulle rigting.

<u>Akademiese Rigting:</u> Graad 10 tot 12 (vir dié wat universiteit toe wil gaan):

'n Matriek met universiteitsvrystelling is nodig om by universiteite te gaan aanklop. So 'n matriek word die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) genoem.

Impak is by 'n **UMALUSI** geakkrediteerde eksamenraad ingeskakel om 'n wettige **UMALUSI**-matriekeksamen **(NSS)** aan te bied.

- Die eksamen word jaarliks in Oktober/November by eksamensentrums regoor Suid-Afrika en in Namibië afgeneem. **(Vra Impak se VOO beleid aan.)**
- By suksesvolle voltooiing van die eksamen reik die staat, deur Umalusi, 'n amptelike sertifikaat, die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS), uit.
- Indien die <u>regte vakkombinasie</u> geneem en universiteit vrystelling behaal word, verleen die NSS toelating tot enige Suid-Afrikaanse universiteit.
- Die NSS word, met sekere voorbehoude, internasionaal aanvaar.

Leerlinge kan slegs tot die akademiese rigting toetree mits hulle óf 'n geldige rapport van die vorige jaar óf 'n ekwivalente kwalifikasie kan toon óf 'n toelatingseksamen tot die toetredings-graad slaag.

Graad 10 tot 12 word as 'n eenheid beskou, met ander woorde, Graad 12 se eindeksamen handel in die meeste gevalle oor Graad 10, 11 en 12 werk. Geen leerling kan na Graad 11 vorder sonder 'n

geldige Graad 10 rapport nie. Net so word geen leerling tot Graad 12 toegelaat sonder 'n geldige Graad 10 en 11 rapport nie.

<u>Ambagsrigting</u>: NKR 2, 3 en 4 (vir dié wat praktiese vakke wil neem en direk na skool die arbeidsmark wil betree)

Die ambagsrigting is ideaal vir daardie leerling wat meer aanleg het in die praktiese en tegniese aspekte. Impak se onderwysmodel bied ambagskursusse met London City & Guilds- en SAQA-kwalifikasies aan.

Die kursusse word oor drie jaar aangebied beginnende by NKR 2 en vorder tot by NKR 4. Die afkorting NKR staan vir "Nasionale Kwalifikasie Raamwerk", in Engels is dit NQF vir "National Qualification Framework". 'n NKR 2 is op dieselfde vlak as Graad 10, NKR 3 as Graad 11 en 'n NKR 4 as Graad 12.

Na suksesvolle voltooiing van 'n NKR-vlak, ontvang die leerling 'n Nasionale Sertifikaat in die betrokke ambagsrigting. Leerlinge wat tot 'n NKR 4 vlak vorder is uiters gesog in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.

Leerlinge kan slegs tot die Ambagsrigting toetree mits hulle óf 'n geldige Gr. 9 rapport óf 'n ekwivalente kwalifikasie kan toon.

Beskikbare ambagskursusse vir Nasionale Sertifikate in 2012

SEKTOR	**NKR-VLAK 2** **Nasionale Sertifikaat in:**	**NKR-VLAK 3** **Nasionale Sertifikaat in:**
Toerisme	Gasvryheid	Gasvryheid
Groot- en Kleinhandel	Groot- en Kleinhandel	Groot- en Kleinhandel
Dienste	Haarkappery	Haarkappery
		Skoonheidstegnologie
	Besigheidsbestuur	Besigheidsbestuur
	Ontvangsdame	
Informasietegnologie	Inligtingstegnologie	
Konstruksie	Konstruksie	Konstruksie
Landbou	Landbou	Wynmakery
		Landskapargitektuur
		Melkboerdery
Meganies/Chemies	Sweiswerke	Sweiswerke
	Ketelmakery	Ketelmakery
		Elektrisiteit
		Pas- en-draai
		Motorwerktuigkundige

Leerlinge kan teen eie tyd en pas werk (met enkele voorbehoude)

- Elke akademiese jaar (Graad 0 tot 11) word in 4 kwartale verdeel.
- Die kwartale kan teen eie tyd en pas deurgewerk word.
- Die eerste voorbehoud is dat Impak se eindeksamenvraestelle vir alle grade slegs op die geskeduleerde tyd beskikbaar is (sien Impak se jaarprogram).
- Die volgende voorbehoud is dat Impak se vakadviseurs net op sekere geskeduleerde tye beskikbaar is om antwoordstelle na te sien.
- Indien die leerling se antwoordstelle binne die geskeduleerde nasientye ingedien word, sal die nasieners dit nasien. Impak sal dan ’n wettige rapport op grond van die uitslae uitreik. Hierdie dienste is slegs beskikbaar indien die kliënt ingeskryf is vir die standaardpakket.
- Sou die antwoordstelle buite die nasiengleuf ingedien word, moet die leerling en ouer vir die volgende nasiengleuf wag om die werk nagesien te kry, of die ouers kan memorandums van Impak aanvra en dit self nasien.
- Indien die ouer self nasien, sal Impak ’n rapport uitreik wat stel dat die uitslag die betrokke ouer se mening oor die leerling se vordering weerspieël.

Graad 12-kandidate val egter binne ’n meer formele struktuur, waar van die kandidate verwag word om die meeste van hul werk teen die einde van kwartaal 2 te voltooi, ten einde vir die rekordeksamen gereed te wees. Hierdie graad moet voldoen aan die vereistes soos gestel deur die eksamenraad en Umalusi ten einde aan die riglyne vir die kwalifisering vir die rekord- en eindeksamens te voldoen. Die hantering en indiening van die werk wat betrekking het op die jaarpunte moet binne ‘n voorgeskrewe tydraamwerk afgehandel word.

3. Produkte en Dienste

Impak se kwalifikasies, produktereeks en dienste is veranker in eie leerplanne wat…

- voorsiening maak vir die unieke aard en behoeftes van die Identiteitsplan en die Progressiewe Plan;
- leerlinge toerus met die nodige kennis, insig en vaardighede om akademiese en ambagskwalifikasies te bekom wat plaaslik en internasionaal gesog is;
- soepel en aanpasbaar is om by individuele leerlinge se leerproses in te skakel;
- die riglyne van die Nasionale Kurrikulumverklaring, met voorbehoud, volg ten opsigte van vakbenamings, temas en assesseringstandaarde;
- tred hou met nasionale en internasionale tendense en veranderings.

Impak se produkte

Die handleiding of handboek

Impak skep sprankellesse wat:

- met die jongste leerplanvereistes en onderwys-ontwikkelinge tred hou. Die lesmateriaal is netjies gedruk en gebind of op CD as selfdruk (Graad 0 tot 7) beskikbaar;
- kindervriendelik saamgestel is;
- volgens die leesvermoë van die betrokke ouderdomsgroep opgestel is, sodat leerlinge lus kry om self met die lesstof te eksperimenteer;
- resepmatig geskryf is; en
- die ervare onderwyser se plek in tuisonderwys volstaan en dien as kragtige hulpmiddel vir onderwysers en ouers.

Video- en DVD-lesse

- In ***bepaalde vakke in Graad 8 tot 12*** vergesel ’n DVD die handleiding.
- Vakkundiges verduidelik en demonstreer die werk in die handleidings.
- Leerlinge sien en hoor die les of eksperiment.

Antwoordboeke

- Antwoordboeke verskaf antwoorde met puntetellings vir die vrae wat in die handleiding gestel word.

Impak se produkte kan deur kliënte wat die Standaardpakket-opsie of die Eie-keuse-opsie uitoefen, aangekoop word.

Impak se dienste

- Ondersteuningsdienste word slegs verskaf aan gesinne, sentrums en skole wat die Standaardpakketopsie kies.

Ouer- of fasiliteerdergidse bevat:

- werkskemas;
- assesseringsbeleid en riglyne;
- toetse, eksamens en memorandums (eksamens en memorandums kan op Impak se diskresie elektronies beskikbaar gestel word);
- projekopdragte en take.

Impak se vakforums op Internet

- Leerlinge met toegang tot die Internet kan by geselekteerde vakke se forums inskakel.
- Forums maak gereelde kommunikasie tussen die leerling en die vakadviseur maklik en bekostigbaar.
- Die onderwyser word met behulp van forum-tegnologie in u huis of sentrum geplaas!

Vaksteundiens

- Navrae ten opsigte van vakke waar daar nie vakforums beskikbaar is nie, kan tydens gespesifiseerde tye per telefoon, faks of e-pos aan Impak se vakadviseurs gerig word.
- Navrae wat intensiewe en tydrowende verduideliking verg, word as ’n ekstra les beskou.
- U mag met vakadviseurs onderhandel om teen ’n addisionele fooi ekstra klasse aan te bied of nasienwerk te verrig.

Assesseringsdiens en rapporte/vorderingsverslae vir Graad 1 tot 11

- Impak stel jaarliks ’n formele eindeksamen vir Graad 1 tot 11 op en sien die antwoordstelle tydens die gegewe nasienvenster na.
- Hierdie eindeksamen tel 75% van die finale rapportpunt.
- Ouers en sentrums stuur die jaarpunte (deurlopende assessering of Dass), wat 25% tel, op puntestate in.
- Jaarpunte word verkry deur kwartale 1, 2 en 3 se toetsuitslae en projekpunte in berekening te bring.
- Kwartale 1, 2 en 3 se toetse, met memorandums, en die projekopdragte word in die ouer- of fasiliteerdergids van elke vak voorsien.
- Ouers en hulpsentrums sien self kwartale 1, 2 en 3 se toetse na.
- Impak verwerk die eindeksamen en jaarpunte en reik ’n geldige rapport of vorderingsverslag vir Graad 1 tot 11 uit.

- Indien die jaarpunte met meer as 20% van die eindeksamenuitslag verskil, verval die jaarpunt en tel slegs die eindeksamenuitslag.
- Hierdie maatreël verseker die integriteit van Impak se rapporte en vorderingsverslae.
- Alle eksamens vanaf Graad 1 tot 11 word tuis, of in Impak se hulpsentrums, afgeneem.

Psigometriese toetsing en hulp met studiemetodes en vakkeuse

- Dit is vir Impak van groot belang dat leerlinge die regte vak- en beroepskeuses sal maak!
- Die dienste van gegradueerde beroepsvoorligters en geregistreerde psigometriese evalueerders word tot die Impakkers se beskikking gestel.
- Die dienste word teen ’n spesiale tarief, wat net aan ingeskrewe Impak-leerlinge beskikbaar is, gelewer.
- Konsultasies en toetsing sal slegs per voorafgereëlde afspraak kan geskied.

Om van enige van die dienste gebruik te maak en vir tariefinligting, skakel vir Neels Beyers by ons kantoor.

Sosialiseringsdiens

Impak se Afdeling vir Sosialisering en Geestelike Ontwikkeling sien om na:

- avontuurkampe;
- leierskampe;
- matriekafskeid;
- staptoere, uitstappies en familiepret;
- sportdae vir winter- en somersportsoorte;
- kultuuraktiwiteite; en
- die inskakeling van Impak se sport- en kultuurpresteerders by erkende instansies.

Om koste en tyd te bespaar vind die avontuur- en leierskampe gelyktydig met die ouerkongres op dieselfde terrein plaas.

Ons maak voorsiening vir afsonderlike Impak-kampe en Delta-kampe. Kies self by watter van die volgende kampe u kinders sal tuis voel:

- kampe met ’n Christelike, Afrikanerkultuur-strekking;
- kampe met ’n Christelike, Afrikaanse en inklusiewe karakter;
- kampe wat gerig is op die behoeftes en belange van tuisleerlinge;
- kampe wat gerig is op die behoeftes en belange van sentrumleerlinge.

Kongresse, kampe, winter- en afrondingskole

- Impak poog om gereeld streekskongresse in Gauteng, die Wes-Kaap, die Noord-Kaap en Namibië aan te bied indien belangstelling die kongres regverdig. Hierdie belangstelling word gemeet aan die hoeveelheid lede wat vir die kongres registreer.
- Hierdie kongresse lig ouers in en lei ouers op ten opsigte van uiteenlopende aspekte van tuisonderwys.
- Tydens hierdie kongresse ontmoet die kinders en vakadviseurs mekaar in lewende lywe.
- Die winterskool vind gewoonlik tydens die midjaarvakansie plaas.
- By die winterskool word daar op Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Rekeningkunde, tale en praktiese komponente van die tegniese vakke gefokus.
- Die kongresse vind op Impak se Waterbergplaas en by terreine in die Wes-Kaap, die Noord-Kaap en Namibië plaas.
- Die winter- en afrondingskool word slegs op Impak se Waterbergplaas aangebied.

- Impak-kliënte (ouers en leerlinge) wat ingeskryf is vir die Standaardpakket- opsie woon Impak se kongres en kampe teen ’n baie spesiale tarief van R80 per kop per nag/dag/gedeelte daarvan by.

Hierdie tarief sluit die volgende in:

- die aanbiedingskoste;
- al die etes en verversings; en
- verblyf (tentekamp of vaste akkommodasie).

(’n Kongres van 3 dae en 2 nagte, met 5 etes kos ’n totaal van R240 per kop; ’n winterskool van 5 nagte, 6 dae en 15 etes kos R480 per kop!)

Uitgesluit is die volgende:

- vervoerkoste (wat deur die vervoermaatskappye bepaal word); en
- kostes vir materiaal, voorraad of ekstra toerusting wat dalk vir ’n praktiese of tegniese vak benodig word.

4. KIES U PAKKETOPSIE

Produkte en dienste kan na gelang van ’n leerling se behoeftes vanuit verskeie opsies saamgestel word.

Standaardpakket-opsie

Indien u in Impak se produkte, sowel as dienste belangstel, en u graag van die Impak-familie deel wil word, kies u die standaardpakket (gedruk) of die standaardpakket (selfdruk) op die aansoekvorm. Die pryse word ook in die aansoekvorm verstrek.

<u>Die Standaardpakket- opsie (gedruk)</u> sluit die volgende in:

- BTW;
- agentekommissie;
- alle druk- en produksiekoste;
- handleidings, ouer- /fasiliteerdergidse per vak (leerlinge in sentrums ontvang slegs die handleidings; ouergidse word deur die sentrums aangekoop);
- DVD-lesse in vakke waar sulke lesse beskikbaar is;
- voorgeskrewe werke;
- kwartaaltoetse en memorandums, eksterne eindeksamen en nasiendiens (eksamens en memorandums kan op Impak se diskresie elektronies beskikbaar gestel word);
- Kredietwaardige jaareindrapporte en vorderingsverslae;
- kongres, avontuur- en leierskamp, winter- en afrondingskool teen R80 per kop per nag/dag/gedeelte daarvan (ouers en kinders). Die prys sluit die kursuskoste, etes en oornagkoste in. Vervoerkoste, addisionele vakmateriaal en toerusting is uitgesluit;
- Betaling van nie-Suid-Afrikaanse burgers, insluitende Namibiërs, se fooie moet op ‘n kontantbasis geskied, aangesien hulle buite die juridiese grondgebied van Suid-Afrika geleë is;
- juridiese beskerming binne Suid-Afrika deur die Pestalozzi Trust.

Pos- en verpakkingsgeld binne Suid-Afrika (4-dag geregistreerde pos) is by die gekwoteerde vakprys ingesluit. Kliënte buite die grense van Suid-Afrika betaal die gekwoteerde Standaardpakket- opsie-prys plus enige addisionele belastings en pos- /koeriergelde, behalwe in gevalle waar Impak die oorsaak van veelvuldige versendings mag wees.

Let asseblief daarop dat vakke met praktiese of tegniese komponente as gevolg van addisionele programmatuur en ander noodsaaklike toerusting meer kan kos. Geen praktiese apparaat of

addisionele programmatuur is by die pakketprys ingesluit nie (tel nagenoeg R1000 per jaar per praktiese/tegniese vak by).

Standaardopsiepakket- opsie (Selfdrukopsie)

- Die Standaardopsie-pakket is vir Graad 0 tot 7 in 'n selfdrukformaat beskikbaar.
- Die selfdrukformaat sluit presies dieselfde as die bogenoemde pakket in (handleidings, antwoordboeke en ouergidse), maar is slegs elektronies en nie gedruk nie. Voorgeskrewe werk en handboeke wat nie elektronies beskikbaar is nie, word wel ingesluit.
- Betaling van nie-Suid-Afrikaanse burgers, insluitende Namibië, se fooie moet op 'n kontantbasis geskied, aangesien hulle buite die juridiese grondgebied van Suid-Afrika geleë is.

Eie-keuse-opsie

Indien u slegs in Impak se produkte (handboeke, antwoordboeke en DVD's) belangstel, en geen dienste verlang nie, en ook nie deel van die Impak-familie wil word nie, kan u by Impak 'n handboekpryslys aanvra en boeke na willekeur daaruit bestel.

Die hulpsentrumopsie

Wat is hulpsentrums en hoe werk die opsie?

- Dit bestaan uit vyf of meer gesinne wat in 'n spesifieke omgewing saamwerk om kundige hulp te voorsien wat verseker dat die ouers die beste belang van hulle kinders dien.
- Vakkundiges kan by tye ingekoop word om die ouers met veral Wiskunde, Fisiese Wetenskap en tegniese vakke te help.
- Ondersteuningsgroepe/Hulpsentrums kan in vakke soos Musiek, Kuns, ens. spesialiseer en tot groot en belangrike onderwys- en kulturele dienspole in hul gemeenskap groei.
- 'n Dinamiese ondersteuningsgroep/hulpsentrum kan 'n belangrike bydrae lewer om aandag aan die sosialiserings-behoefte in die tuisonderwys-gemeenskap te gee.
- Dit word besit, beheer en bestuur deur óf die ouers, óf instansies, óf belangegroepe, óf entrepreneurs onafhanklik van Impak.
- Impak verskaf die onderwys- en opvoedingsprogram en produk en verseker die hoë standaard daarvan.
- Elke ondersteuningsgroep/hulpsentrum word aangemoedig om, binne die breë Impak-raamwerk, sy eie karakter te skep en sy onafhanklikheid ten volle uit te leef.
- Impak se pryslys is só gestruktureer dat ouers wat hul kinders by gelisensieerde hulpsentrums inskakel nagenoeg 20% afslag op Impak se gelyste Standaardpakket- opsie (gedruk óf selfdruk) ontvang.
- Hulpsentrums ontvang 'n verdere 8% kommissie vir elke korrek voltooide en volbetaalde inskrywing.
- Hulpsentrums kan ook boeke volgens die Eie-keuse-opsie vir gebruik deur die sentrumpersoneel aankoop.
- Hulpsentrums kan groter afslag vir Impak se produk en dienste beding, na gelang die hulpsentrum self vir dienste instaan.
- Hulpsentrums bepaal self addisionele diensfooie vir dienste deur die sentrum gelewer om 'n inkomste vir die sentrum te genereer.
- Betaling van nie-Suid-Afrikaanse burgers, insluitende Namibië, se fooie moet op 'n kontantbasis geskied, aangesien hulle buite die juridiese grondgebied van Suid-Afrika geleë is.

Vir meer inligting en vereistes, bekom asseblief die brosjure "Impak Onderwysdiens BK Hulpsentrumbeleid vir 2012".

5. Regsaspekte en gratis regsdienste vir Impak-kliënte

- Onderwys in Suid-Afrika word deur die SA Skolewet (84 van 1996, "SASA") en verskeie ander wette en regsbepalings beheer. Artikels 3, 4 en 51 van SASA maak voorsiening vir tuisonderwys. Alle gebruikers van Impak Onderwysdiens BK is en bly self verantwoordelik om hulle van die toepaslike wetgewing te vergewis.
- Ten einde gebruikers in hierdie verantwoordelikheid te ondersteun, skryf Impak alle leerlinge in vir gratis juridiese beskerming by die Pestalozzi Trust, die regsfonds vir tuisonderwys.
- Indien ingeskrewe Impakkers deur enige persoon of instansie gedreig of bedreig word omdat u besig is om u kinders tuis te leer, of omdat u van 'n sentrum se ondersteuning gebruik maak, of 'n hulpsentrum bedryf, mag u dadelik by die onderstaande adres met u regsfonds in verbinding tree:

  Tel: 012 330 1337;
  Faks: 011 507 5997;
  E-pos: defensor@pestalozzi.org;
  Webadres: www.pestalozzi.org;
  Posadres: Posbus 12332, Queenswood, 0121.
  Vra ook die dokument aan: "Regsaspekte: Dit wat Impakkers móét weet".

6. Sakegeleenthede

Impak se reeks unieke produkte, dienste en infrastruktuur skep sakegeleenthede vir enige persoon of instansie wat die geleentheid wil aangryp.

Die volgende twee sakegeleenthede is tans beskikbaar:

Sakegeleentheid 1: Bemarking

- Word 'n deeltyds of voltyds geregistreerde bemarker vir Impak en verdien kommissie volgens die onderstaande kommissienota.
- Impak lei elke voornemende bemarker op om sy/haar taak met groot sukses uit te voer.
- Impak voorsien, binne perke, alle inligtingstukke, inskrywingsvorms, bemarkingsmateriaal, voorbeelde van die produk en bystand waar nodig om die bemarker te ondersteun.
- Kommissie word vir elke bewese leerling verdien, hetsy tuisleerling of hulpsentrumleerling, wat deur die bemarker self ingeskryf word.
- Kommissie van 8% per inskrywing (nadat BTW, Pestalozzi Trust, voorgeskrewe werk en die nagenoeg 20% afslag vir leerlinge wat by sentrums inskryf, afgetrek is) is betaalbaar by ontvangs van volledig en korrek voltooide inskrywingvorms asook die volle pakketbedrag.

Die volgende voorwaardes geld:

- Die bemarkingsopsie is slegs vir opgeleide en geregistreerde bemarkers.
- Kommissie kan van tyd tot tyd aangepas word.
- Kommissie soos uiteengesit, is per leerling per jaar bereken, en word uitbetaal sodra Impak die volle som van die inskrywingsgeld ontvang het (slegs indien bewys gelewer word dat die bemarker die leerling persoonlik gewerf het).

Sakegeleentheid 2: Hulpsentrum-skepping

- Rig ’n hulpsentrum op wat die Impak-produk en dienste gebruik en werf ’n minimum van 5 gesinne.
- Impak Onderwysdiens BK verskaf sy produk en dienste aan onafhanklike hulpsentrums teen ’n drasties verminderde tarief (nagenoeg 20% afslag) wat die geleentheid aan die hulpsentrum bied om die produk en dienste teen ’n winsgewende, steeds kompeterende prys, aan te bied.
- Verdien kommissie van 8% vir elke volledig en korrek ingeskrewe asook opbetaalde sentrumleerling.
- Stel u eie diensfooi vas vir die dienste wat die hulpsentrum aan sy kliënte lewer.
- Impak voorsien die nodige opleiding en besigheidsteun aan individue en instansies wat van hierdie sakegeleentheid gebruik wil maak.

Bekom die “Impak Onderwysdiens BK Hulpsentrumbeleid vir 2012” by ons hoofkantoor vir meer inligting hieroor.

SY LIG SKYN STEEDS!